M.G.E.V
Mosselbaai Grond Eienaars Vereeniging
Mosselbay Land Owners Assosiation

**Kompanje Laan 17**
**Hartenbos**
**6520**
**Selfoon: 083 305 9943**

Herbie Oosthuizen & Assosiate
Montagustraat 71
Mosselbaai, 6520

**25 Januarie 2024**

Per e-pos: herbie@holaw.co.za

**IS: MGEV // MOSSELBAAI MUNISIPALITEIT – KORRESPONDENSIE EN ANDER AANGELEENTHEDE**

Geagte Meneer

Die MGEV het ‘n regsopinie gekry en ja, inderdaad ‘n Munisipaliteit mag versoek dat skrywes en vrae nie direk aan hulle gerig word nie maar wel deur ‘n regsfirma soos Herbie Oosthuizen & Assosiate. Neem kennis dat die regskoste van die aksie 100% vir die Munisipaliteit van Mosselbaai se rekening is wat tog deur die gemeenskap betaal word.

Die MGEV teken apologie aan vir die onbeantwoord skrywes genoem in u skrywe van 24 Januarie 2024.

In die toekoms sal alle korrespondensie aan die Mosselbaai Munisipaliteit deur die kantoor van Herbie Oosthuizen & Assosiate geskied.

Op die verskeie WhatsApp, Telegram groepe en onderskeie kuberruimtes bereik die MGEV tans meer as 2500 lede binne 24 uur na ‘n artikel gepos is binne en buite Mosselbaai.

Elke stelling op die kuberruimte www.mgev.co.za gemaak kan uit dokumentasie bewys word. Die Mosselbaai Munisipaliteit is ook reeds in 29 Mei 2022 amptelik uitgenooi om te reageer op die feite genoem op die kuberruimte.

Hier is die uitnodiging aan die gemeenskap en ook waar die MGEV aan die feite kom. Klik net op die Skakel hieronder:

https://mgev.co.za/index.php?topic=1.0 Die artikel is min of meer reeds 1000 keer gelees.

Dit wat die gemeenskap tans die meeste pla is die koste van die JOC. Bedryf met Munisipale gelde wat nie ‘n munisipale funksie is nie volgens die Grondwet van RSA. Dit wat die gemeenskap pla kan hier gelees word:

- Buurtwagte, GVF's en die JOC: https://mgev.co.za/index.php?topic=26.0
- Mosselbaai Pantser Voertuie teen Misdaad: https://mgev.co.za/index.php?topic=34.0
- K9 Honde eenheid van die JOC: https://mgev.co.za/index.php?topic=35.0
- Sake voortspruitend uit die JOC se aktiwiteite: https://mgev.co.za/index.php?topic=33.0

In 2022/23 finansiële jaar het die bestuurskoste van die JOC die gemeenskap R3 050 000 gekos as die K9 eenheid bykom in 2023/24 finansiële jaar gaan die bestuur van die JOC die gemeenskap R5 000 000 vir die jaar kos.

Die MGEV ontvang graag die 2022/23 state van die JOC wat die detail moet gee hoe die R3 050 000 aangewend is.

**Vriendelike Groete**

**Johan Gräbe – Voorsitter MGEV**